

6. Woordsoorte

Die studie en kennis van die verskillende woordsoorte is baie belangrik, veral ook met die oog op sinsontleding. Ons moet die verskillende woordsoorte in sinne maklik herken. 'n Woord se woordsoortlikheid blyk uit die sinsverband. Dieselfde woord kan dus in verskillende sinne tot verskillende woordsoorte behoort. Kyk na die volgende voorbeelde:

Hy leer sy les. (ww)

Hy klim op die leer. (s.nw.)

6.1 Die selfstandige naamwoord

6.1.1 Hoe ken ek 'n selfstandige naamwoord uit?

- Meervoud
- Verkleining
- Geslag
- Daar kan gewoonlik 'n "die" of 'n "'n" vooraan gesit word
- Dit kan gewoonlik met die sintuie waargeneem word

6.1.2 Ons kan tussen vyf soorte selfstandige naamwoorde onderskei

6.1.2.1 Eiename

Kaapstad, Piet, Jordaan. Die eienaam word herken aan die hoofletter.

6.1.2.2 Soortname

Soortname het altyd meervoudsvorme of verkleiningsvorme: kas, mens, skoen.

6.1.2.3 Abstrakte selfstandige naamwoorde

Liefde, haat, nyd, afguns, blydskap, eerbied, ensovoorts. Die woord moet in dié besondere sin nie 'n meervoud kan kry nie: Die liefde is lankmoedig. Afguns is afstootlik.

6.1.2.4 Stofname

Goud, koper, silwer, hout, yster, sand, klip, ensovoorts. Dit dui op 'n spesifieke stof. Wanneer hierdie woorde in hul meervoudsvorme in sinne gebruik word, is hulle gewone soortname: Hy het baie ysters in die vuur. Hy gooi met klippe.

6.1.2.5 Versamelname

'n Skool visse, 'n eskader vliegtuie, 'n swerm bye. Die versamelnaam staan altyd voor 'n ander selfstandige naamwoord. As ons sê: Daar was swerms van hulle, dan is swerms 'n soortnaam.

6.2 Die lidwoord

onbepaalde lidwoord	- 'n man
bepaalde lidwoord	- die seun
argaiese vorm	- 'n kind des doods
(verouderde vorm)	- 'n saak in der minne skik, wat de duiwel, ter elfder ure

6.3 Die byvoeglike naamwoord

- In 'n sin moet die byvoeglike naamwoord altyd die selfstandige naamwoord bepaal of beskryf.
- Die byvoeglike naamwoord kan getoets word deur vas te stel of dit trappe van vergelyking het: aantreklik/aantrekliker/aantreklikste.
- Die byvoeglike naamwoord het soms ook 'n intensiewe vorm, bv.: wit/spierwit. Intensiewe vorme (hemelhoog, morsdood, springlewendig, ens.) kry nie trappe van vergelyking nie.

(b en c geld ook vir sommige bywoorde van tyd en wyse. Let dus op die selfstandige naamwoord.)

d. Voorkoms in 'n sin

- Dit kan met 'n lidwoord verbind word. Die onbepaalde lidwoord ('n) voor die stellende en vergelykende trappe en die bepaalde lidwoord by die oortreffende trap. Byvoorbeeld: 'n mooi meisie/'n mooier meisie/die mooiste meisie.
- Attributiewe gebruik:
Die byvoeglike naamwoord staan voor die selfstandige naamwoord.
Byvoorbeeld: Die mooi meisie; die goeie man.
- Predikatiewe gebruik:
Die byvoeglike naamwoord staan na die selfstandige naamwoord en word geskei deur 'n koppelwerkwoord (is, was, word).
Byvoorbeeld: Die meisie is mooi.

6.4 Die voornaamwoord

6.4.1 Persoonlike voornaamwoord

Die persoonlike voornaamwoord kan as onderwerp of as voorwerp in 'n sin voorkom, Byvoorbeeld: Hy roep na hom. Sy terg haar. Ek is hier.

Persoonlike voornaamwoorde kan eiename en selfstandige naamwoorde wat persone aandui, vervang. Byvoorbeeld: Piet loop oor die straat. Hy loop oor die straat.
Rita, Ina en Rina kom kuier. Hulle kom kuier.

Voorbeelde van persoonlike voornaamwoorde is: julle, ons, u, ek, jy, hy, sy.

6.4.2 Onpersoonlike voornaamwoord

Die onpersoonlike voornaamwoord is die woordjie DIT en DAAR: Dit reën; daar word

beweer dat die toekoms duister is.

Wanneer die sin in die lydende vorm staan, is daar 'n onpersoonlike voornaamwoord.

6.4.3 Besitlike voornaamwoord

Dit is my hond; dit is hulle boek. My en hulle is besitlike voornaamwoorde, want dit dui besit aan.

Wanneer dit voor die selfstandige naamwoord staan, word dit attributief gebruik, bv. Dit is hulle boek. Wanneer dit na die selfstandige naamwoord staan, word dit predikatief gebruik, soos: Die boek is hulle s'n. Nog voorbeelde van besitlike voornaamwoorde: jou, ons, haar, u, hare, myne, joune, syne, ons s'n.

Na die koppelwerkwoord (is) toon die besitlike voornaamwoord vormverandering, soos: Die jas is myne; Die blomme is hare.

6.4.4 Onbepaalde voornaamwoord

Onbepaalde voornaamwoorde is woorde soos elkeen, almal, iedereen, geeneen, iets, diegene, party. Hierdie voornaamwoorde toon nie vormverandering nie en het nie betrekking op 'n spesifieke persoon of saak nie:

Elkeen weet ons gaan wen.

Almal sal daar wees.

Geeneen kom kuier vandag nie.

6.4.5 Wederkerende voornaamwoord

Die wederkerende voornaamwoord word aangetref in sinne waarin die onderwerp en die voorwerp na dieselfde saak of persoon verwys, byvoorbeeld:

Noodsaaklik wederkerend

Ek bekommer my oor die kind.

Sy verwonder haar oor die prestasie.

Ons het ons lelik verspreek.

Toevallig wederkerend

Hulle prys hulself (hulle kan iemand anders ook prys)

Hy was hom (bedoelende homself)

6.4.6 Wederkerige voornaamwoord

Hier is die onderwerp en die voorwerp nie dieselfde nie; die handeling dui 'n wisselwerking aan tussen die onderwerp en voorwerp:

Ons was mekaar.

Ons groet mekaar.

6.4.7 Die betreklike voornaamwoord

Hierdie woorde lei byvoeglike bysinne in:

Die hoed wat ek dra (watter hoed?)

Die stoel waarop ek sit (watter stoel?)

Die pen waarmee ek skryf (watter pen?)

Die glas waaruit ek drink (watter glas?)

Die kind wie se boek gesteel is, is kwaad (watter kind?)

Hierdie voornaamwoorde het dus betrekking op die onderwerp van die sin. Hulle kan ook verwys na die voorwerp van die sin, soos in die volgende gevalle:

Hy knip die materiaal wat jy gekoop het.

Ek koop die skêr waarmee ek die materiaal wil knip.

Die man wat daar loop is my oom; die kas waarin die tas gebêre word.

'n Samestelling tussen waar + 'n voorsetsel (waarin, waarvan, waarmee, waarom) word gebruik wanneer die betreklike voornaamwoord op diere en dinge betrekking het; en by mense word 'n voorsetsel + wie gebruik (van wie, op wie, met wie, voor wie).

6.4.8 Aanwysende voornaamwoord

Aanwysende woorde is woorde soos dié, daardie, hierdie:

Daardie jas is myne.

Hierdie hoed is joune

Dié hond is kwaai.

Hierdie voornaamwoorde verwys na iets in die besonder.

6.4.9 Vraende voornaamwoord

Vraende voornaamwoorde is vraagwoorde soos wie, watter, wat:

Wie is daar? Watter een wil jy hê? Wat sê jy?

Let wel: Slegs wanneer die woordjie "wat" in 'n vraagsin voorkom, is dit 'n vraende voornaamwoord.

6.5. Die voegwoord

Die voegwoord voeg of bind woorde, sinne en woordgroepe saam. Ons kry twee groepe voegwoorde:

- a. Neweskikkende voegwoorde
- b. Onderskikkende voegwoorde

6.5.1 Neweskikkende voegwoorde

Hulle skakel woorde of sinsdele aan mekaar. Neweskikkende voegwoorde verbind hoofsinne met mekaar sonder dat die woordorde verander.

Voorbeeld: Die kinders swem. Die grootmense eet.

Die kinders swem en die grootmense eet.

Die kinders swem, maar die grootmense eet.

Die kinders swem, want hulle kry warm.

Voorbeelde: dog, trouens, inteendeel.

Let op dat die normale woordorde van die sin nie na die voegwoord verander nie.

6.5.2 Onderskikkende voegwoorde

Hierdie voegwoorde verbind sinsdele met mekaar. Hulle verbind hoofsinne met bysinne.

Voorbeeld: Die kinders swem. Hulle kry warm.
Die kinders swem omdat hulle warm kry.
Die kinders swem aangesien hulle so warm kry.

Voorbeelde: hoewel, nadat, sodat, voordat, indien, mits, dat, wanneer, asof

Let op dat die normale woordorde in die sin na die voegwoord telkens verander.

6.6 Die telwoord

Die telwoord word ook in twee hoofgroepe verdeel, naamlik: hooftelwoorde en rangtelwoorde.

6.6.1 Hooftelwoorde dui 'n hoeveelheid aan

6.6.1.1 Bepaalde hooftelwoorde

een, twee,
een en twintig of een-en-twintig,
driehonderd en veertig of driehonderd-en-veertig,
vierduisend eenhonderd en twee of vierduisend-eenhonderd-en-twee
Let daarop dat die getalle met of sonder koppeltekens geskryf kan word!

6.6.1.2 Onbepaalde hooftelwoorde

talle, weinig, min, verskeie:
Daar is reeds verskeie gevalle van misdad aangemeld.
Talle mense het die vergadering bygewoon.

6.6.2 Rangtelwoord – dui 'n rang aan

6.6.2.1 Bepaalde rangtelwoorde

eerste, tweede, derde, vierde: Hy staan eerste in die klas.

6.6.2.2 Onbepaalde rangtelwoorde

laaste, middelste, meeste, minste: Dit is die middelste rooi bal.

6.7 Die voorsetsel

Voorsetsels kom in vaste en vrye verbindings voor

Vaste verbindings
meeding om
by benadering

Vrye verbindings
neersit op, onder, ensovoorts.
sit langs, agter, ensovoorts.

in aantog wees
op aandag staan
uit hoofde van

speel met, op, in, ensovoorts.
loop onder, oor, voor, ensovoorts.
aan bande lê

6.8 Die tussenwerpsel

Die tussenwerpsel word gebruik om 'n sekere gevoelwaarde uit te druk.

Ga, jy is vuil! (veragting, afkeer)
Aitsa, maar sy lyk so mooi! (bewondering)
Hiert, jou vabond! (skrik)
Hoera! Ons gaan swem! (blydschap)
Gonnatjie, pardoems, voertsek, ensovoorts.

6.9 Die bywoord

6.9.1 Die funksie van 'n bywoord

Die bywoord kan die werkwoord van 'n sin bepaal:

Hy hardloop vinnig. (Die bywoord vinnig bepaal die werkwoord hardloop.)

Die bywoord kan ook 'n ander bywoord bepaal:

Hy hardloop baie vinnig. (Die bywoord baie bepaal die bywoord vinnig.)

Die bywoord kan verder 'n byvoeglike naamwoord bepaal:

Dis 'n baie groot kind. (Die bywoord baie bepaal hier die byvoeglike naamwoord groot.)

Die bywoord kan ook as bepaling by die telwoord voorkom:

Hy is ongeveer veertig jaar oud.

Die bywoord kan ook in verbinding met die voorsetsels wees:

Hy sit bo op die leer.

6.9.2 Die verskil tussen die bywoord en die byvoeglike naamwoord

Die byvoeglike naamwoord bepaal 'n naamwoord. As die byvoeglike naamwoord voor die selfstandige naamwoord geplaas word, dan word dit attributief gebruik.

Byvoorbeeld: Die stout seun word gestraf.

Dit is 'n pragtige toneel.

As die byvoeglike naamwoord nie voor die selfstandige naamwoord geplaas word nie, maar deel uitmaak van die gesegde (predikaat) dan sê ons dit word predikatief gebruik.

Byvoorbeeld: Die seun is stout.

Die toneel is pragtig.

Die attributiewe vorm van die byvoeglike naamwoord eindig partykeer op -e; die predikatiewe vorm nooit.

Nou sal ons uitvind dat die predikatiewe vorm van die meeste byvoeglike naamwoorde ook as bywoorde gebruik kan word. 'n Bywoord eindig dus nooit op -e nie, behalwe

wanneer dit 'n attributiewe byvoeglike naamwoord bepaal, byvoorbeeld:

'n Verskriklike warm dag, 'n taamlike mooi prent, 'n gloeiende warm dag.

Na die koppelwerkwoorde - is, word, bly, skyn, lyk, heet - vind ons gewoonlik 'n byvoeglike naamwoord en nie 'n bywoord nie.

Byvoorbeeld: Koos is stout
 Pa word oud.

Stout en oud bepaal hier onderskeidelik Koos en Pa. Hulle is dus byvoeglike naamwoorde. Hulle bepaal nie is en word onderskeidelik nie.

6.9.3 Die verskil tussen bywoorde en werkwoorde

Die bywoord bepaal die werkwoord en is dikwels so nou verbonde daarmee dat die twee 'n saamgestelde werkwoord kan vorm, byvoorbeeld: opstaan, wegspring, afgaan.

Verder kan ons die volgende vorme van die werkwoorde as bywoorde gebruik:

- Teenwoordige deelwoorde (hulle eindig gewoonlik op -end)
Byvoorbeeld: Hy het laggend nader gekom.
Die kind het verbasend gegroei.
- Verlede deelwoord (die vorm met ge-)
Byvoorbeeld: Hy het gespanne gewag.
Hulle het opgewonde gestaan en fluister.
- Reduplikasie (verdubbeling van die werkwoord)
Byvoorbeeld: Hy het fluit-fluit nadergekom.
Hy het lag-lag deurgekom.

Opmerking: Ons gebruik ook die verdubbeling van

- Twee bywoorde: gou-gou, nou-nou
- Twee byvoeglike naamwoorde: kort-kort, blou-blou.

6.9.4 Die verskil tussen bywoorde en voornaamwoorde

As ons 'n voorsetsel soos **op** met die voornaamwoord **dit** gebruik, skryf ons nie op dit nie, maar daarop.

Byvoorbeeld: Hy sit hierop.
 Waarop sit hy?

Hierdie woorde word voornaamwoordelike bywoorde genoem. (In die volgende sin is "waarop" nie 'n bywoord nie, maar 'n betreklike voornaamwoord: Die stoel waarop ek sit, is lendelam.)

6.9.5 Die verskil tussen bywoorde en voegwoorde

In die volgende sin is **eintlik** 'n bywoord:

Hy het eintlik geloop.

In 'n sin soos die volgende is dit ook 'n bywoord, maar dit dien verder om die twee sinne te verbind:

Hy het lank gepraat; eintlik het hy geloop.

In hierdie sin is eintlik 'n voorwoordelike bywoord.

Twee verskille tussen voegwoorde en bywoorde is dus:

- Die voegwoord kom altyd aan die begin van die bysin, terwyl die bywoord slegs in die middel of aan die end kom.

Byvoorbeeld: Hy is siek, tog gaan hy skool toe. (voegwoord)

- As die voegwoordelike bywoord aan die begin van die sin staan, veroorsaak dit inversie (dit wil sê die gesegde vorm die voorwerp). Na 'n gewone voegwoord het ons die normale woordskikking (kyk voorbeeld hierbo) - (Inversie + omgekeerde woordorde).

Ons onderskei verskillende soorte bywoorde.

6.9.5.1 Bywoorde wat die werkwoord bepaal

a. Bywoord van tyd

Byvoorbeeld: Die kinders speel môre; die gaste vertrek vanaand.

Die bywoord van tyd word dikwels verkry wanneer ons die vraag vra: "Wanneer?"

b. Bywoord van wyse

Byvoorbeeld: Die leerlinge vorder pragtig; sy brei wonderlik.

Die bywoord van wyse word verkry deur die vraag "Hoe?" te stel.

c. Bywoord van lokaliteit / plek

Byvoorbeeld: Die seuns hardloop hierheen. Hy swem stroomaf.

Die bywoord van plek word bepaal deur vrae soos "Waarheen?" of "Waarvandaan?" te vra.

Kan onderverdeel word in **bywoord van plek** ("Waar?") en **bywoord van rigting** ("Waarheen?", "Waarvandaan?")

Let wel: As ons al drie klasse bywoorde in een sin aantref, is daar 'n vaste volgorde:

Die volgorde is bywoord van tyd, wyse en lokaliteit, byvoorbeeld:

Die mense kom vanmôre haastig hierheen.

6.9.5.2 Bywoorde kan ook die byvoeglike naamwoord of 'n ander bywoord bepaal

Byvoorbeeld: Die stoeier is bomenslik sterk; hulle werk altyd ontsettend hard.

a. Bywoord van graad

Hy werk baie hard. (Baie dui op die graad van sy harde werk.)

Hy verloor byna al sy skape. (Byna dui op die graad van die hoeveelheid skape wat hy verloor het.)

Bywoorde van graad as bepaling by:

telwoorde

amper dertig
effens min
byna honderd
geweldig baie

byvoeglike naamwoorde

buitengewoon sterk
behoorlik vuil
vreeslik groot
gemiddeld intelligent

b. Die bywoord van modaliteit

Die bywoord van modaliteit dui op 'n besondere houding of gevoel by die spreker, byvoorbeeld: Dit is darem te veel.
Ek kom liever later.

Die ontkenningwoorde: Hy sal nie kom nie, nooit ... nie, niemand ... nie, nêrens ... nie, is ook bywoorde van modaliteit.

6.10 Die werkwoord

Hoe herken ek 'n werkwoord? 'n Werkwoord beskryf die handeling in 'n sin. Die meeste werkwoorde kry ge- in die verlede tyd. Werkwoorde wat met be-, ge-, her-, er-, ver-, en ont- begin, kry nie ge- in die verlede tyd nie. 'n Sin is nie 'n volsin sonder 'n werkwoord nie. 'n Sin kan wel uit een werkwoord bestaan: Loop!

6.10.1 Soorte werkwoorde

6.10.1.1 Hoofwerkwoorde

a. Oorganklike hoofwerkwoord

Byvoorbeeld: Ek ry fiets; Die hond eet 'n been. (Die handeling gaan oor van die doener na die ontvanger.)

b. Onoorganklike hoofwerkwoord

Byvoorbeeld: Ek ry vinnig; die hond eet gulsig. (Daar is nie 'n ontvanger waarop die handeling oorgedra kan word nie.)

c. Deeltjiewerkwoorde (Skeibare / partikelwerkwoorde)

Byvoorbeeld:

Ongeskei: Jy moet 'n joernaal saamstel. Die polisie ondersoek die saak.

Geskei: Julle stel joernale saam vir latere verwysing.

- Teenwoordige tyd: Hy kruip in die kamer weg.
- Toekomstige tyd: Hy sal in die kamer weggekruip.
- Verlede tyd: Hy het in die kamer weggekruip.

d. Wederkerende werkwoorde

Wederkerende werkwoorde word gebruik saam met wederkerende voornaamwoorde byvoorbeeld: - Sy skaam haar.

Ons onderskei tussen noodsaaklik wederkerende werkwoorde en toevallig wederkerende werkwoorde.

- Noodsaaklik wederkerend

Daar is slegs enkele werkwoorde wat noodsaaklik wederkerend kan wees. Dit is werkwoorde soos bekommer, bemoei, skaam, vererg, vergis, verspreek, verwon

der, en enkele ander. Hierdie werkwoorde moet na die betrokke persoon of onderwerp van die sin terugkeer.

Byvoorbeeld: Ek bekommer my of hy bekommer hom.

- Toevallig wederkerend
'n Werkwoord is toevallig wederkerend wanneer die direkte voorwerp na die persoon in die onderwerp verwys.
Byvoorbeeld: Ek was my. Ek hoef nie net my self te was nie, ek kan iemand anders ook was: Ek was hom (die kind)

Opsommende voorbeeld:

Ek was my (was = toevallig wederkerende werkwoord)

Ek was hom (was = oorganklike werkwoord)

Ek skaam my (skaam = noodsaaklik wederkerende werkwoord)

e. Die wederkerige werkwoord

Hulle was mekaar. (Dit beteken dat die een die ander een was.)

f. Onpersoonlike werkwoorde

Hierdie werkwoorde dui nie op 'n spesifieke ding of persoon nie. Die onderwerp van die sin is in so 'n geval die onpersoonlike voornaamwoord "dit", byvoorbeeld: Dit reën/sneeu/blits.

6.10.1.2 Koppelwerkwoorde

Koppelwoorde kan nie selfstandig bestaan nie en moet aan 'n selfstandige naamwoord, 'n byvoeglike naamwoord of 'n sinsdeel gekoppel word om sinvol te wees: Lukas was 'n tandarts; Anna lyk vrolik.

Woorde wat as koppelwerkwoorde optree is: is, was, word, lyk, blyk, heet, skyn, klink, voel, voorkom, bly en wens.

6.10.1.3 Hulpwerkwoorde (medewerkwoorde)

Die teenwoordige, toekomstige en verlede tyd word met behulp van hulpwerkwoorde gevorm.

Voorbeelde: het, sal, moet, kan, mag, sou, moes, wou, kon

a. Hulpwerkwoord van tyd:

Die hulpwerkwoord word gebruik om die verlede tyd aan te dui:

Ek het gister die motor gewas. Ek het die werk gedoen.

b. Hulpwerkwoord van modaliteit / wyse

Die hulpwerkwoord van modaliteit / wyse dui 'n sekere gesindheid/houding/voorneme aan:

Jy kon dit doen - hier dui kon die vermoë aan.

Ek sal dit doen - hier dui sal 'n voorneme aan.

c. Hulpwerkwoord van vorm

Die hulpwerkwoord van vorm word gebruik om die lydende vorm/passiewe vorm in die teenwoordige en verlede tyd uit te beeld:

Die appel word geëet: die passiewe vorm van die teenwoordige tyd word aangedui.

Die vure is aangesteek: die passiewe vorm van die verlede tyd word aangedui.

6.10.1.4 Deelwoorde

Ons kry twee soorte deelwoorde:

a. Die teenwoordige (onvoltooide) deelwoord

Die teenwoordige deelwoord word aktief gebruik en gee dinge weer soos dit op die oomblik is, (die handeling is nog nie voltooi nie, is nog besig). Die vorm van die werkwoord word verander deur -ende of -end by te voeg: singende kinders; lopende water; staande water; juigende skare.

Hierdie deelwoorde doen meestal die werk van die byvoeglike naamwoord, maar kan ook as selfstandige naamwoord of bywoord diens doen:

Moenie slapende honde wakker maak nie (b.nw)

Ons voel jammer vir die treurendes (s.nw)

Party mense is mos siende blind en horende doof (bw)

b. Die verlede (voltooide) deelwoord

In die geval van die meeste werkwoorde in Afrikaans, word 'n ge- voor die stam van die werkwoord geplaas om die verlede deelwoord te vorm, (die handeling is afgehandel, voltooi). Die vorm van die WERKWOORD word dus verander deur die voorvoegsel ge- en dit eindig soms op -de en soms op -te:

Hy het gebreekte ribbes.

Hy het hout gekap. Ons maak vuur met gekapte hout.

Hy het die hout gesaag. Hy skaaf die gesaagde hout.

Onthou: Werkwoorde wat met be-, ge-, her-, er-, ont- en ver- begin, kry nie die ge- in die verlede deelwoord nie, behalwe "geherkou" en "geherberg".

c. Swak verlede deelwoorde

Ons praat van 'n opgewende horlosie. Deelwoorde waarin die klank van die werkwoord (opwen) nie verander word nie, noem ons SWAK verlede deelwoorde. Swak voltooide deelwoorde word meesal letterlik gebruik.

Swak verlede deelwoorde word gevorm deur:

- 'n -e aan die werkwoord te voeg: opgeskorte, uitgeputte, afgebrande
- 'n -te aan die werkwoord te voeg: verpligte, gesifte, geplukte
- 'n -de aan die werkwoord te voeg: gesteelde, gekerfde, verhoogde

'n Swak verlede deelwoord se stamklinkers verander nie soos sterk verlede deelwoorde nie.

d. Sterk verlede deelwoorde

Ons praat van 'n opgewonde skare. Deelwoorde waarin die klank van die werkwoord (opwen) verander word, noem ons STERK verlede deelwoorde. Sterk voltooide deelwoorde word meestal figuurlik gebruik.

Let op die volgende:

Stamwoord	Letterlik (swak voltooide deelwoord)	Figuurlik (sterk voltooide deelwoord)
buig	gebuigde spykers	geboë hoofde
slyp	geslypte messe	geslepe diewe
bederf	bederfde vrugte	bedorwe kinders
skink	geskinkte tee	beskonke man
verskrik	verskrikte bakkies	onverskrokke helde

breek	gebreekte koppies	gebroke hart
bind	gebinde stokkies	gebonde lewe
bespreek	onbespreekte plekke	onbesproke gedrag
krimp	verkrimpte vrugte	bekrompe persoon
suip	versuipte voël	besope persoon
swel	geswelde enkel	geswolle hoof

Nog ander:	oordryf	-	oordrewe beskrywing
	verbied	-	verbode vrugte
	doen	-	gedane sake
	herwin	-	herwonne vryheid
	skend	-	geskonde eer

6.10.1.5 Die infinitief

Die infinitief is 'n vorm van die selfstandige werkwoord wat nie aandui dat die handeling deur iemand of iets verrig word nie, maar gedeeltelik die funksie van die naamwoord en die werkwoord vervul.

- Die infinitief om te:
Dit is heerlik om te swem. Die man is besig om sy baadjie aan te trek
- Die infinitief te:
Die huis is te huur. Deur jou huiswerk te doen, sal jy beter vaar.
- Die infinitief sonder om om of te te gebruik:
(Om te) Swem is lekker. Hy leer (om te) swem.

6.10.2 Die lydende of bedrywende vorm van die werkwoord

Alle sinne, of dit nou in die teenwoordige-, toekomstige- of verlede tyd voorkom, kan in die lydende of bedrywende vorm geskryf word. Kyk na die onderstaande voorbeelde:

- Teenwoordige tyd
Die losskakel duik die flank teen die grond. (bedrywend)
Die flank word deur die losskakel teen die grond geduik. (lydend)
- Verlede tyd
Die losskakel het die flank teen die grond geduik. (bedrywend)
Die flank is deur die losskakel teen die grond geduik. (lydend)
- Toekomstige tyd
Die losskakel sal die flank teen die grond duik. (bedrywend)
Die flank sal deur die losskakel teen die grond geduik word. (lydend)

Onthou: As daar nie 'n spesifieke persoon is wat die handeling verrig nie, is dit onnodig om in die lydende vorm aan te dui wie die handeling uitgevoer het:

Hy skop die bal. (bedrywend)
Die bal word deur hom geskop. (lydend)